

**12 Desember**

**Matteus 2; (Teks: Lukas 2:1-20)**

### ***Kersfees en Jesus se geboortedatum***

Anders as met Kersfees is daar wat die geboortejaar van die Here betref heelwat verwysings in die Skrif: Toe Augustus Keiser in Rome was en Sirenius goewerneur in Sirië was. Herodes was toe koning in Judea toe die Kindjie gebore is.

Oor die datum van die Christusfees of Kersfees was daar aanvanklik heelwat verskil. Vir baie jare het die kerk nooit Kersfees gevier nie en ook geen duidelike gegewens nagelaat oor wanneer dit moes gebeur nie. Goeie Vrydag, Paasfees, Hemelvaart en Pinkster was van die begin af belangrike feeste op die kerklike kalender, maar nie die geboortedag van die Here nie. Eintlik was die vroeëre Christene baie jare lank teen die viering van dié dag gekant. So het die bekende vader Origenes teen die middel van die derde eeu nC geskryf dat die gebruik wat party mense het om die geboortedag van Jesus Christus te vier "asof HY die een of ander koning Farao is" ten strengste afgekeur moet word. Toe die gebruik later wel begin posvat het was niemand seker oor wat presies die datum van Kersfees moet wees nie. Eers naastenby teen 440 nC het die kerk besluit om Kersfees op die 25<sup>ste</sup> Desember te vier. Dit was op daardie stadium vir baie jare die "groen bome"-fees te midde van die sneeubedekte wêreld van die noordelike halfrond. Die groen boomtakte en die vure wat in die sneeu aangesteek is, moes alles dui op die onoorwinlikheid van die heidense songod Mithras.

Die kerk het hierdie dag egter vir Christus se geboortedag-herdenking opgeëis. Watter dag sou immers beter pas? Hierdie dag waarop die planeete Jupiter en Saturnus as "ster" saamgeloop het wat só helder was dat dit orals die aandag getrek het, kon nie anders as om die Lig van die wêreld, Jesus Christus die Son van geregtigheid wat opgegaan het, se geboortedag te herdenk nie.

Vir ons en die wêreld 'n dag van blywende oorwinning van die Lig van God oor die duisternis van sonde.

Ds. D. Laufs (Alberton-Wes)